## BOEKBESPREKING

*Kalender oor standbeelde in Suid-Afrika*:

Die *Cape Argus* het die goeie gedagte gehad om 'n kalender uit te gee met twaalf foto's van Suid-Afrikaanse monumente. Die standbeelde wat afgebeeld is, is dié van Jan Hofmeyr, koning Eduard VII, Maria de la Quellerie, Louis Botha, Jan van Riebeeck, sir George Grey, Barthelomeus Diaz, die Rhodes Herdenkingsmonument en die oorlogsmonument voor die Nasionale Galery, almal in Kaapstad; die Hugenotemonument in Franschhoek, die standbeeld van prof. J. du Plessis in Stellenbosch en die van ds. Andrew Murray in Wellington.

Onder elke afbeelding word kortliks genoem watter monument dit is, wie die persoon is, deur wie die standbeeld gemaak is en wanneer dit onthul is. Die foto's is baie duidelik.

Laat ons hoop dat hierdie reeks in die komende jare voortgesit sal word en dat ons op die manier oor 'n volledige stel afbeeldings van ons nasionale monumente sal kan beskik.

F. G. E. Nilant.

*Huizinga, Leonard*: Herinneringen aan mijn vader, pp. 223. Leopold, Den Haag, 1963.

Die boek is geskryf na aanleiding van 'n rede, *Huizinga als aanklager van zijn tijd,* wat prof. P. Geyl in 1961 vir die Koninklike Akademie gehou het en waarin hy so 'n oormatig afbrekende kritiek op Johan Huizinga ten beste gegee het, dat dit menigeen met verontwaardiging vervul het.

Ook Leonard Huizinga, die bekende skrywer van romans en reisverhale, het hierdie rede beskou as 'n misplaaste aanval teenoor sy vader wat in 1945 oorlede is en wat hom dus nie meer kan verdedig nie. Die titel van die boek moes egter liewers gewees het: persoonlike herinneringe met betrekking tot my vader. Ons lees baie oor die skrywer self, sy eie gevoelens wat lank en uitgerek bespreek word. Dit blyk dat die skrywer se persoonlike karakter in sy jeug saamgebring het dat hy vroeër te min belangstelling en besef vir sy vader se prestasies gehad het. Dit is baie duidelik 'n geval van waar die seun self volwassenheid moes bereik alvorens hy as man teenoor man, sy vader na regte kon waardeer. Hierdie waardering beskryf hy nou aan die hand van baie interessante feite en herinneringe uit sy jeug, waarby die vader tog 'n groot rol speel. Ons maak kennis met die daaglikse lewe en die huisgesin van Johan Huizinga, sy reaksies op twee gevoelige familieverliese, nl. sy eerste vrou en sy oudste seun. Ons hoor aanvullings op wat Huizinga self reeds oor sy eie jeug geskryf het (*Mijn weg tot de Historie*), en oor sy aandeel aan die toenmalige literêre stromings. Leonard Huizinga bestempel sy vader as 'n „onverbeterlike fantas en 'n dagdromer". Miskien het hy gelyk, maar dan is dit tog eienskappe waarsonder Huizinga nie sy geweldige oeuvre kon geskryf het nie. Tog lyk dit of hierdie dagdromery nogal meeval. Dit is opvallende dat Huizinga in 1914, by die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, reeds die toekomstige bedreiging van Rusland vir die Westerse beskawing aangevoel het en gehoop het dat die Weste in Sentraal-Europa eers die oorhand sou kry, opdat albei partye gesamentlik teen die Ooste sou kan optrek. Ongetwyfeld sou 'n beter ondersteuning van genl. Kolschak die geskiedenis van die wêreld 'n heeltemal ander verloop besorg het. Ook was Huizinga van mening dat oorlogswapens so in verskrikking sou toeneem, dat mettertyd moontlik geen mens dit meer sou waag om hulle te gebruik nie. Inderdaad was dit veral menslike waardes waarom dit Johan Huizinga 'n lewe lank te doen was (p. 208).

Dit is duidelik dat die boek haastig voltooi is. Die skrywer was nie bereid om sy broers en susters en ander familielede te raadpleeg nie, en hy het die manuskrip nie eers weer deurgelees om tog maar niks van die spontaneïteit daarvan verlore te laat gaan nie. Die gevolg is dat dit 'n onewewigtige boek geword het. As gevolg van 'n dagboek wat beskikbaar was, is daar baie aandag gegee aan Huizinga se reisindrukke uit Amerika. Dit is alles baie interessant, maar oor die tot stand kom van die drie groot werke, *Herfstij der Middeleeuwen*, *Erasmus* en *Homo Ludens* vind ons slegs sporadies iets. Tog is die boek 'n welkome aanvulling vir almal wat belangstelling het vir Johan Huizinga as persoon en bewondering voel vir sy werk. Ons leer hom as mens veral ken deur 'n beskrywing van sy reaksies op groter en kleiner gebeurtenisse. Hier laat die skrywer sy onderwerp volkome tot sy reg kom en menige voorval word ons met verfynde humor meegedeel.

Met dit alles is daar egter nog altyd geen antwoord gegee op die misplaaste uitings van prof. Geyl nie.

F. G. E. Nilant.

*Davis, Norman, ed.*: The Paston Letters. xxii, 288 pp., Oxford University Press, London, 1963.

This little volume, No. 591 in *The World's Classics*, contains a selection, in modern spelling, from *The Paston Letters*. This is the name usually given to the collection of letters, indentures, inventories, wills and other papers which was assembled by various members of the Paston family of Norfolk between 1420 and 1503.

The editor is Merton, Professor of English at Oxford. When making his selection he tried to give as complete a view of the family's various activities as was possible in the short space available to him. In his introduction he explains that in order to do this he has had to abridge many of the letters and exclude passages of a technical nature which might have required extensive explanatory annotation. As a result the book is of little use to the serious student of late medieval English history, for whom, of course, it is not intended.

The undergraduates and interested laymen for whom the book is intended will find much of interest and benefit. The documents are not concerned with great matters of state but illuminate the customs and practices of the time; the very triviality of many of their details helps to bring the people of a rather obscure century to life again. The atmosphere of the times, uneasy and lawless, is also clearly discernible.

The language has been partially modernized in that archaic forms have been replaced by their modern equivalents where their meaning is obscure but not where it is still clear. This and the modern spelling mean that the letters are now in a language that does not exist and never did. Probably the gain in comprehension is worth the loss in authenticity, and the text is still close enough to the original to give students of English a good idea of the language at an important stage of its development.

Footnotes on every page explain doubtful points, obscure words, the identity of persons and the location of places, fix dates and sketch the historical background to the various letters. The last twenty-eight pages are given up to a glossary which explains unfamiliar words and meanings and to an adequate index. There are also brief but useful biographical notes on the Pastons.

A. L. Harington.

*P. Geyl*: Figuren en problemen, dele I en II, pp. 138 en 133, Wereldbibliotheek N.V. Amsterdam-Antwerpen, 1964.

Hierdie uitgawe van prof. dr. P. Geyl se opstelle moet beskou word as 'n voortsetting van die *Figuren*-reeks (1959-1961) wat oorspronklik in die Amsterdamse blad *Vrij Nederland* en die Rotterdamse *Nieuwe Rotterdamse Courant* verskyn het. In die eerste deeltjie is Nederlandse en Vlaamse persone en vraagstukke behandel, die tweede deel het betrekking op Engeland, Amerika, Frankryk, Duitsland en Rusland. Nie alleen word 'n groot veld op 'n kundige wyse gedek nie, maar ook is die opstelle maklik leesbaar. Sommige onderwerpe sal uit die aard van die saak minder belangstelling by ons as in Nederland en Vlaandere wek, ander is vir ons sowel as vir hulle van die grootste belang. Ons noem hier en daar bepaalde opstelle wat ons insiens vir ons lesers van belang is.

Interessant is *De Beeldenstorm* (I, bl. 14 e.v.) as 'n voorbeeld van 'n onderwerp wat in die verlede al te eensydig beskryf is. In die jongste tyd word na 'n ewewigtiger weergawe van die gebeure gestreef, maar volgens prof. Geyl is die enige ware ewewig nog nie bereik nie. Volgens hom is so 'n ewewigtige voorstelling onmoontlik vir die mens wat nooit volledig bo sy eie omstandighede verhef is nie. In *Motley over de opstand der Nederlanden* (bl. 22 e.v.) verklaar skrywer dat hierdie Amerikaanse outeur die onderwerp te dramaties behandel het en die stryd as 'n worsteling tussen despotisme en vryheid gesien het, as 'n aantreklike epos vir die tydperk van die Liberalisme van sy tyd. Na aanleiding van 'n resente publikasie oor *Raadpensionaris R. J. Schimmelpenninck* (Bat. Republiek) gee skrywer ook sy oordeel oor hierdie gematigde Bataaf, wat na die inlywing van die koninkryk Holland, lid van die Senaat geword het. 'n Grondige studie is gebiedend om Schimmelpenninck se motiewe en sy probleme beter te leer ken, aldus prof. Geyl.

Die opstelle oor *Flor Grammens* (p. 98 e.v.) en *Joris van Severen* (p. 107 e.v.) gevolg deur prof. Geyl se vergelykking tussen hierdie twee opspraakwekkende figure uit die vooroorlogse jare in België, word ons insiens op deeglike gronde in die guns van eersgenoemde beslis. Die arrestasie van laasgenoemde in Mei 1940 en sy dood in Abbeville, het 'n groot aantal penne in beroering gebring.

Die eerste deeltjie eindig met 'n bespreking van prof. J. S. Marais se bekende werk *The Fall of Kruger's Republic* (bl. 130 e.v.).

In die tweede deeltjie is onder meer *A. L. Rowse* se werk *All Souls and appeasement* bespreek (bl. 5 e.v.). Ook word aandag gewy aan *A. J. P. Taylor* se werk *The origins of the Second World War*, 'n werk wat volgens prof. Geyl histories volkome onaanvaarbaar is. *Carl Goerdeler* se werk oor die Duitse versetbeweging word behandel (bl. 20 e.v.) en in *Het Derde Ryk*, die Amerikaanse joernalis William L. Shirer, se bekende werk oor die opkoms en die ondergang van die Derde Ryk, krities bespreek. Enersyds vol lof oor Shirer se geweldige prestasie, voel prof. Geyl in hom tog die joernalis wat dit aan diepte ontbreek (bl. 41).

'n Drietal besonder belangrike opstelle is deur prof. Geyl gewy aan die Kommunistiese geskiedskrywing, studies van besondere belang vir die historiograaf. Allereers is daar 'n beskouing oor *Albert Soboul* se Kommunistiese sienswyse oor die Franse Rewolusie (bl. 72 e.v.), gevolg deur *Sowjet-historici als werktuigen van het regiem.* Die Sowjet-geleerde is beperk in sy keuse sowel as in die uitwerking van 'n onderwerp. Hy is onder meer gebind deurdat hom van tevore meegedeel is watter finale resultate hy met sy ondersoek moet bereik. Dit geld in besondere mate vir die geskiedskrywing, aldus K. F. Sjteppa in sy *Russian Historians and the Soviet State.*

wat deur prof. Geyl bespreek word (bl. 78 e.v.) en wat deur hom met 'n aantal skokkende voorbeelde van opsetlike vervalsing toegelig word. In sy opstel *Stelselmatige geschiedvervalsing in Oost-Duitsland* (bl. 87 e.v.), ontleed hy 'n tweetal werke, 'n handboek vir geskiedenisonderrig vir onderwysers en 'n klas leerboek. Hierdie opstelle word voorafgegaan deur 'n beskouing oor *Karl Marx* na aanleiding van 'n publikasie wat in 1961 in Nederland van die hand van dr. W. Banning verskyn het.

Die inhoud van hierdie Telstar-slapbandboeke, kan ons insiens, ook in ons land deur belangstellendes met vrug gelees word. Ander opstelle is onder andere 'n tweetal oor *De Gaulle*, beskouings oor *Byron, Stendhal, Mark Twain* en andere. Almal is beslis die moeite werd om gelees en bestudeer te word deur diegene wat in hedendaagse figure en vraagstukke, sowel as dié van 'n ouer datum, belangstel.

J. Ploeger.

*Dunn, Waldo Hilary*: James Anthony Froude — A Biography, 1857-1894, deel II, pp. XVII en 652. Oxford, 1963.

Bogenoemde werk wat in twee dele verskyn het, gee 'n baie breedvoerige lewensbeskrywing van James Anthony Froude. Slegs die tweede deel is aan *Historia* met die oog op bespreking gestuur klaarblyklik omdat die eerste deel 'n tydperk uit die lewe van Froude behandel wat geen verband met Suid-Afrika het nie.

Ook die tweede deel staan enigsins los van Suid-Afrika maar tog word in 'n tweetal hoofstukke Froude se „South African Mission" behandel. Die skrywer het vir die biografie gebruik kon maak van Froude se privaat dokumente en is om daardie rede in 'n posisie geplaas om Froude se besoek aan Suid-Afrika van uit 'n ander hoek te benader as wat tot dusver die geval was. Die werk is veral waardevol omdat hy onderweg na Suid-Afrika en tydens sy verblyf in Suid-Afrika 'n uitvoerige korrespondensie met 'n groot aantal persone in Engeland aan die gang gehou het. So word interessante beskrywings gegeè van plekke soos Durban, Pietermaritzburg, Pretoria, Kimberley en Bloemfontein wat hy op sy reis deur die land besoek het. 'n Mens kom onder die indruk dat Froude veral tydens sy eerste besoek aan Suid-Afrika besonder taktvol opgetree het om veral die Hollandssprekende element geen aanstoot te gee nie.

Klaarblyklik het belangrike skakels in sy korrespondensie verlore geraak sodat ons in die werk alleen, nie 'n volledige beeld van sy Suid-Afrikaanse besoek kry nie.

A. N. Pelzer.

*Lean, Phyllis Scarnell*: One man in his time — A pictorial review of the life of Jan Christian Smuts, May 24, 1870 — September 11, 1960. Johannesburg, October 1964.

In hierdie geïllustreerde oorsig van slegs 48 bladsye word verskillende aspekte uit die lewe van genl. Smuts aan die hand van 'n aantal keurige en in sommige gevalle ook onbekende foto's, toegelig. 'n Kort toeligting by elkeen van die fases uit die generaal se lewe, verhoog die waarde van hierdie keurige werkie wat by elkeen wat in die lewe van die generaal belangstel, byval sal vind.

Eksemplare van die werk kan van mev. Lean persoonlik bestel word by Posbus 2313, Johannesburg of van die Doornkloof-Genootskap, Posbus 36, Irene teen R1·00 per eksemplaar, posvry. Die opbrengs van verkope word in die fondse van die Doornkloof-Genootskap gestort, 'n organisasie wat in die lewe geroep is om Doornkloof, die tuiste van generaal Smuts en sy familie in stand te hou.

A. N. Pelzer.